A 6.4 KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTERAAD

1 INLEIDING

Die Kerklike Maatskaplike Diensteraad (KMDR) is ‘n netwerk-organisasie wat in Algemene Sinodale verband al die sinodale organisasies van die Familie van NG Kerke verteenwoordig.

Kerklike maatskaplike dienste is die sambreelterm wat verwys na al die vakkundige maatskaplike welsynsprogramme van sinodes, ringe en gemeentes. Hierdie programme fokus daarop om die maatskaplike funksionering van individue, gesinne en gemeenskappe te verbeter.

Die KMDR is geregistreer as ’n Nie-Winsgewende Organisasie (Non Profit Organisation - NPO), en funksioneer as ’n Nie-regeringsorganisasies (Non Governmental Organisation - NGO). Die KMDR kan ook gesien word as ’n Geloofsgebaseerde Organisasie (Faith Based Organisation).

In die NG Kerk familie is daar ’n geregistreerde NPO binne elke sinodale gebied wat die maatskaplike dienslewering in daardie Sinode koördineer. Op grondvlak word die plaaslike gemeenskap bedien, ongeag kerklidmaatskap, geloof, ras, kultuur of geslag.

Die sinodale/Provinsiale organisasies wat onder die sambreel van die KMDR funksioneer is: (sien skets hierbo)

- Tutela, Sinode Hoëveld – Gauteng & Mpumalanga
- NG Welsyn Noord-Wes, Sinode Goudland – Noord-Wes & Gauteng
- SKDBM, Noordelike Sinode – Gauteng & Limpopo
- CMR Noord, Noordelike Sinode – Gauteng & Limpopo
- KZN CMD, Sinode van KZN
- BADISA, Sinode van die NGK Wes-Kaap en VGKSA Kaapland Sinode
- ENGO, Sinode van die Vrystaat
- CMR Oos-Kaap, Sinode van die Oos-Kaap
- Caritas, Sinode van die Noord-Kaap
- CMR Mpumalanga, Oostelike Sinode – Mpumalanga
- CMR Gauteng-Oos, Oostelike Sinode – Gauteng
- Ecsos, NGK van Namibië
- Hugenote Kollege – Privaat Christelike Opleidingsinstansie van die Familie van NG Kerke

2 TEOLOGIESE VERSTAAN

Die kerk se diakonaat (diens van barmhartigheid) is so oud soos die Kerk van Christus self. Trouens, reeds in die Ou Testament kry die volk (gemeente) die opdrag om hulp te verleen aan volksgenote en vreemdelinge wat swaarkry. Die basis van diakonaat is God Drie-enig se liefde en barmhartigheid. Die kerk se diakonaat, en daarom ook die kerklike maatskaplike dienste, is deel van die kerk se verkondiging van God se genade en liefde aan die wêreld. Kerklike

maatskaplike dienste is dus deel van die kerk se betrokkenheid by God se sending (*Missio Trinitatis Dei*) in die wêreld en word tereg ***missionale diakonaat*** genoem.

God roep, vorm en stuur mense om in Sy koms na die wêreld betrokke te raak en daaraan deel te neem. Medewerkers wat so geroep, gevorm en gestuur is, is sy kerk/gemeente. Wanneer die kerk dan in haar onmiddelike omgewing betrokke raak, noem ons dit 'n **missionale gemeente**. Hierdie impak-bediening op ons onmiddelike omgewing noem ons sommer die kerk se *vingerafdruk* of dan in beter kerktaal, ***missionale diakonaat***.

In die moderne komplekse samelewing, waar die nood van mense ook al meer kompleks raak, het *die bediening van missionale diakonaat* ook al meer kompleks geraak. Missionale diakonaat kan dus in die moderne samelewing nie sonder 'n vakkundige en professionele gestalte wees nie, - 'n gestalte wat self verskillende dimensies ontwikkel het.

3 DIENSTE GELEWER

Teen die agtergrond van die bogenoemde teologiese denke is die basiese benadering van kerklike maatskaplike dienste, 'n *holistiese versorgings- en ontwikkelingsmodel*, gerig op individue, gesinne en gemeenskappe. Maatskaplike genesing beteken dat individue in gesins- en gemeenskapsverband optimaal moet funksioneer, en *die kuns ontwikkel om in 'n diverse samelewing met mekaar saam te leef*. Hierdie *gespesialiseerde barmhartigheidsdienste* word jaarliks aan meer as **1 200 000** persone in nood gelewer.

Die verskillende diensleweringspunte vanwaar dienste gelewer word, sluit onder andere residensiële fasiliteite, werkskeppingsprogramme, diensleweringskantore, beskermde werkplekke, voor- en naskoolse fasiliteite en opleidingsplekke, in. Vanuit hierdie *Sentrums van Hoop* lewer meer as **5390** permanente personeellede, **1655** kontrakwerkers en **7110** vrywilligers die dienste as medewerkers in die *Missio Dei* van God.

'n Oorsigtelike opsomming van die jaarlikse getalle van sommige van hierdie dienste is soos volg:

1) Versorging van Ouer Persone:
In **107** Tuistes vir Bejaardes word **12 388** bejaardes residensieel versorg. 'n Verdere **191 765** ouer persone word in tuisversorgings- en uitreikprogramme bereik.

2) Kinder- en Jeugsorg:
In en vanuit **58 Kinder- en Jeugsorgsentrums** word **8 777 kwesbare kinders** versorg. Voorts word meer as **13 000 kinders** in nood in die gemeenskap deur **Kinderbeskermingsorganisasies** op verskeie maniere **beskerm en versorg.**

3) Familiesorgdienste:
Jaarliks word aan meer as **822 818 indiwidue** binne en buite die familieverband maatskaplike en innerlike genesing gebring.

Die gesamentlike **finansiële omset** van al die lidorganisasies van die KMDR beloop jaarliks meer as **R1 161 963 000.** Die koste-effektiwiteit van die dienste bly deurgaans 'n hoë prioriteit.

Die bronne vir befondsing verskil van provinsie tot provinsie en van diens tot diens. Dit is daarom nie moontlik om 'n gedetaileerde afbreek van inkomstebronne te doen nie. 'n Generiese afbreek wat wel op nasionale vlak aanvaar kan word, is ongeveer 40% staatsubsidies, 10 – 20% betaalde dienste en 40-50% kom van donasies van individue, deelnemende kerke en besighede.

4 TOEKOMSDROME

In 'n vinnig veranderende Suider Afrika, waar armoede en die maatskaplike welsynsnood van gemeenskappe daagliks toeneem, sal die KMDR en sy lidorganisasies vorentoe deurlopend aan die volgende uitdagings moet aandag gee:

4.1 VOLHOUBAARHEID

Die KMDR verstaan dat die volhoubaarheid van hierdie bediening 'n groot uitdaging is. Lidorganisasies het wel volhoubaarheidsplanne, maar weet ook om in geloofsvertroue *te doen*

wat ons kan met wat ons het. In hierdie opsig is die uitspraak van moeder Teresa rigtinggewend, "*If you can't feed a hundred, then feed one."*

4.2 VERANTWOORDBAARHEID

Die bestuur van die KMDR en lidorganisasies sal deurlopend binne die riglyne van King IV gedoen moet word. So word alle finansiële boekhouding byvoorbeeld in terme van die erkende boekhoupraktyke gedoen en deur geregistreerde ouditeure geoudit.

4.3 KOSTE-EFFEKTIWITEIT

Die dienslewering sal al meer na koste-effektiwiteit en doeltreffendheid moet streef om so veel as moontlik persone in nood, doeltreffend, met al minder hulpbronne te ondersteun. 'n Groeiende nood met krimpende hulpbronne is die uitdaging vir die toekoms.

4.4 SOSIALE ENTREPENEURSKAP

Om die bogenoemde uitdagings aan te spreek, sal die KMDR en sy lidorganisasies ook nuut moet dink oor sosiale entrepeneurskap. Om 'n *besigheidsbeen* vir dienste te ontwikkel, blyk een van min opsies te wees ten einde finansiële volhoubaarheid in die toekoms te verseker.

4.5 SOSIALE INNOVASIE

Waarskynlik is een van die grootste uitdagings vir die volgende paar jaar om meer innoverend te dink oor kerklike maatskaplike dienste of 'n gespesialiseerde barmhartigheidsbediening. Is die tradisionele Europese konsep van maatskaplike dienslewering nog die antwoord is vir 'n Afrika waar die behoefte aan ontwikkelingsgerigte dienste baie groot is?

4.6 VERHOUDING MET DIE NG KERK

Die KMDR erken dat kerklike maatskaplike dienste 'n integrale deel van die missionale roeping van die NG Kerk is. In die Kerk se diakonale bediening, is die lidorganisasies van die KMDR dus **medewerkers in die koninkryk van God saam met gemeentes en die onderskeie kerkverbande.** 'n *Verklaring van Voorneme* wat hierdie oortuiging verder uitspel, word by dei Verslag van die Moderatuur ingebind.

5 SLOTOPMERKING

Die KMDR betuig hiermee sy dank teenoor die Here vir die manier waarop Hy sy kinders gebruik om mekaar te ondersteun en te versorg. In hierdie moeilike tye van maatskaplike dienslewering en ontwikkeling, met 'n groeiende tekort aan hulpbronne, bly die KMDR en sy lidorganisasies se fokus **om te doen wat ons kan met wat ons het.**

RB van Aarde
UITVOERENDE BEAMPTE